DEEL 113 | WEEK 42 | 22 OKTOBER 2021 | R5

HEILBRON HERALD

IF IT'S NOT IN THE HERALD, IT IS ONLY A RUMOUR

# HEILBRON SE KULTUUR TANNIE VEREER



As iemand iets van Heilbron se geskiedenis wil weet kom die antwoord dadelik op "Vra vir tannie Quarta Pretorius". Sy is soos 'n lopende ensiklopedie oor haar geskiedenis van die dorp en sy mense.

Die Federasie van Afrikaanse Kultuurverenigings (FAK) het haar jarelange bydraes raakgesien en vereer haar vir haar bydrae tot die bewaring en behoud van ons Afrikanererfenis. Dit het saamgeval met die 185ste herdenking van die slag van Vegkop Saterdag, op die terrein. Jan-Danie Malan, projekorganiseerder van FAK-Kultuurnetwerke in die Vrystaat en Vegkop direksielid, het die sertifikaat aan haar oorhandig.


Deur haar pen en entoesiasme het daar 'n paar publikasies verskyn waarvan een Vegkop se geskiedenis is. Die 185ste herdenking van die Slag van Vegkop is Saterdag met 'n spesiale tydkapsule herdenk. (Sien berig op bl. 3)









# HOËRSKOOL HEILBRON SE TOP VYF PRESTEERDERS



*GRAAD 4: Voor vlnr: Riette Steyn 93.17%, Elzeri Combrink 91.83 en Kayla Hayward 86.00%. Agter vlnr: Lisa-Line Rheeder 92.33% en Elsene van der Merwe 91.33%.*



*GRAAD 5: Voor vlnr: Gerrit du Plooy 93.33%, Lee Anne Viviers 88.33% en Ernest Scheepers 86.33%. Agter vlnr: Jan Els 86.50% en Jeanette Victor 92.33%,*



*GRAAD 6: Voor vlnr: Chenelle Els 93.17%, Danelri Mocke 91.17% en Rikus Bronkhorst 88.00%. Agter vlnr: Noeline Gavin 91.83% en Aljane Zitzke 89.67%.*



*GRAAD 7: Voor vlnr: Minette Els 90.78, Franco Roos 86.33% en Dihan Jv Rensburg 79.78%. Agter vlnr: Adri Erasmus 89.22% en Lume Dippenaar 83.67%.*



*GRAAD 8: Voor vlnr: Johanri Pretorius 90.67%, Kayla Bosman 87.89% en Taylor Ferreira 84.00%. Agter vlnr: André Viviers 88.67% en Carlie Rochat 86.78%.*



*GRAAD 9: Voor vlnr: Michaela Grobler 87.11%, Madaleen de Beer 83.33% en Luzé Barnard 80.56%. Agter vlnr: Motsillisi Semela 85.44% en Marlee Henn 82.11%.*



*GRAAD 10: Voor vlnr: Robinho van Schalkwyk 86.86%, Stean Lategan 85.00% en Leboeuf du Plessis 78.86%. Agter vlnr: Wessel Steyn 86.71% en Nelius Meiring 80.86%.*



*GRAAD 11: Voor vlnr: Anica Grobler 83.86% en Alden Peach 79.57%. Agter vlnr: Jané Jansen van Rensburg 82.43% en Janke Pretorius 78.86%. Mbali Malindi 87.14% (afwesig).*



*GRAAD 12: Voor vlnr: Jeanné van Wyk 75.57%, Danielle van Wyk 73.86% en Erna Els 72.00%. Agter vlnr: Danica Boucher 75.29% en Carike Erasmus 73.29%.*

# INBREKERS VAN ABATTOIR IN CRADOCK GEVANG

Die Cradock-polisie het Donderdag spreekwoordelik “geluk by die ongeluk” gehad toe hulle ’n onbekende bedrag geld in ’n voertuig op die N10 tussen Cradock en Middelburg gevind het. Die vermoede bestaan dat dit dieselfde persone is wat Woensdagnag by BBB Abattoir op Heilbron die kluis oopgebreek het en kontant gesteel het.

Polisiewoordvoerder, kaptein Lariane Jonker, het gesê die polisielede het op 14 Oktober omstreeks 11:50 langs die N10 gepatrolleer toe hulle op ’n wit Ford Icon afgekom het wat langs die pad in ’n oop veld geparkeer was.

"Daar word beweer dat een van die vier insittendes van die voertuig by nadere ondersoek ernstige ongemak ervaar het en dat die nooddienste gekontak is. By aankoms van die nooddienste het die polisiebeamptes opgemerk dat die verdagtes baie senuweeagtig was en nie hul rugsakke wou afhaal nie, selfs al is hulle deur die ambulanspersoneel ondersoek,” het sy gesê.

Nadat hul rugsakke deursoek is, het Jonker gesê, is bondels banknote gevind. Van die geld is ook in die voering van baadjies versteek.

"Drie verdagtes, tussen die ouderdomme van 36 en 41, is in hegtenis geneem en het reeds in die landdroshof op Cradock verskyn op aanklagte van die besit van vermoedelik gesteelde goedere," het Jonker gesê. Die ondersoek duur voort.



# SONBRIL TREKKING

Cobus van Wyk Oogkunidiges het met hulle onlangse skuif na Wentworth Square ’n geluktrekkings projek geloots waar die besoekende pasiënte gedurende die maand ’n sonbril kon wen. Die trekking het plaasgevind en gaan die Derde sonbril aan Elzette Potgieter. Die vierdie en laaste wenner gaan nog aangekondig word. *Op die foto: Elzette Potgieter en Hilda Els.*

# TYDKAPSULE GAAN IN 2071 OOPGEMAAK WORD





*Heilbron se Voortrekkers, Vegkop direksielede, omliggende boere en lede van die Suid Afrikaanse Weermagvereniging se Kiewiet tak was almal teenwoordig met die seël van die tydkapsule tydens die 185ste herdenking van die slag van Vegkop, die afgelope Saterdag by die Vegkopterrein.*

Op die 185ste herdenking van die Slag van Vegkop het die FAK in samewerking met die Vegkop-direksie, nabye gemeenskap, Die Voortrekkers en lede van die Suid-Afrikaanse Weermagvereniging 'n tydkapsule op die terrein begrawe.

Die Slag van Vegkop naby Heilbron in die Vrystaat was een van die grootste militêre prestasies van die Groot Trek.

Dié veldslag het op 16 Oktober 1836 plaasgevind. Op hierdie dag het nagenoeg 6000 Matebeles die laer van Andries Hendrik Potgieter aangeval, waarin 40 weerbare Voortrekkers met die hulp van vroue en kinders die aanval suksesvol die hoof gebied het. Al die vee is gebuit, maar met die hulp van die Barolongs het die trekgeselskap teruggetrek na Thaba Nchu van waar die Groot Trek verder ontplooi het. Hierdie veldslag, net soos die Slag by Bloedrivier, is besonder betekenisvol vir die vestiging van die Christelike-Westerse beskawing in die binneland van Suid-Afrika.

Vyftig waens is by Vegkop tussen die Renoster- en Wilgerivier (tussen die huidige Lindley en Heilbron) in 'n kring getrek en doringbosse is tussen die waens gepak. Ongeveer 5000 Matebeles het op 16 Oktober 1836, onder aanvoering van Kalipi, die neerlaag gely teen 40 weerbare mans en seuns, waarskynlik onder leiding van Sarel Cilliers. Twee Voortrekkers is gedood en 14 gewond, terwyl ongeveer 430 Matebeles gedood is. Vyftigduisend skape, vyfduisend beeste en honderde perde is egter weggevoer. Met behulp van osse wat Moroka, opperhoof van die Barolong, en eerw. James Archbell aan hulle gestuur het, het hulle na Thaba Nchu teruggekeer. In Januarie 1837 het Hendrik Potgieter en Maritz 'n suksesvolle strafveldtog teen Silkaats by Mosega afgerond met die verhaling van die veeverliese. In 1858 het die Vrystaters ook by Vegkop teen die Basoeto gewen en in 1883 is 'n monument daar opgerig.

Jan-Danie Malan, projekorganiseerder van FAK-Kultuurnetwerke in die Vrystaat en direksielid van Vegkop, sê daar is lank geredeneer oor hoe ons eendag vir ons kinders se kinders sal vertel van ons uitdagings in 2021.

"Daar is soveel om te sê en soveel lewenswaarhede wat beslis nog sal geld oor 50 jaar. Ons wil dit oordra aan ons nageslag sodat dit behoue kan bly. Dit is iets spesiaal wat gelos word juis vir die nageslag om te weet dat ons vir hulle ook omgegee het, dat hierdie terrein van Vegkop spesiaal vir hulle behoue gebly het en dat daar aan hulle gedink is met elke boom, elke monument en elke stukkie gras wat hier geplant is."

Malan vertel dat ds. JD Kestell, 'n Afrikaanse predikant, kultuurleier, taalstryder, maatskaplike werker, skrywer en Bybelvertaler, voor die Anglo-Boereoorlog gehelp het met die oordrag van die Vegkop-grond van die eienaar na die Heilbron-gemeenskap.

"Hierdie stukkie aarde behoort aan ons as die gemeenskap en moet as sulks bewaar word. Hierdie is 'n hoekie waar ons kultuur voluit uitgeleef kan en moet word sonder steurnis of inmenging."

Binne in die tydkapsule is daar foto's van oor die jare geplaas asook 'n gedenkboek, 'n veldoorlewingsboek vanuit die ou weermag asook 'n 1c (mossiemunt) wat deur die FAK op 'n houtsleutelhouer gemonteer is.

"Dit is alles vir ons as die FAK en direksie van Vegkop spesiale artefakte. My hart swel van opgewondenheid oor môre en die dinge wat hierdie nuwe geslag jong Afrikaners nog gaan doen en regkry."

Die tydkapsule is bestem om oor 50 jaar in 2071 oopgemaak te word.




SEXUAL VIOLENCE. IT'S NOT YOUR FAULT. IT'S NEVER OK. HELP IS AVAILABLE...

YOUR NEAREST CARE CENTRE

**Nketoana Hospital**

Artie Street, Reitz, Bethlehem | 058 803 2806

Care Centre services are FREE. You don't have to report to police to access these services.

SERVICES YOU CAN ACCESS

- Testing for HIV & other STIs
- Medicine to prevent HIV & unwanted pregnancy
- Counselling and support
- Referral to other legal, health & social services

DREAMS WORKING TOGETHER FOR AN AIDS-FREE FUTURE FOR GIRLS & WOMEN

PEPFAR U.S. President's Emergency Plan for AIDS Relief

USAID FROM THE AMERICAN PEOPLE

childline 116 South Africa

NACOSA

# WEEK TWEE-EN-VEERTIG VAN 2021



## UIT DIE PEN

En daar sit ek toe in dieselfde dorp waar ek nie wou wees nie.

Daar was interessante karakters waarmee ek die personeelkamer moes deel.

Ronald was lief vir die bottel. Hy het sy eie voorraad in die mans se badkamer gehad. Blykbaar in die toilet se tenk versteek, het dié wat geweet het, vertel. Ronald was baie snaaks wanneer hy dronk was, maar nog snaakser wanneer hy nugter was.

Ek het eendag vir Ronald 'n grappie van 'n dom bokser vertel. Daarna het Ronald dit ten minste een keer per week aan my terugvertel. Later het ek ook al moeg geraak om vir my eie grappie te lag. Ek wou hom dan in die middel van die grappie stop, maar die arme man was teen daardie tyd histeries van die lag, en dit vir die grappie wat hy self vertel het.

Juliemaande was dit yskoud. Daar het gewoonlik 'n laag ryp oor die blokkie gras gelê, meestal met 'n snerpende wind wat van die witgesneeude berge afkomstig is.

In daardie dae het ons met die ou groot rekenaarskywe gewerk: 'n floppy disk. Ek weet nou nog nie wat die Afrikaans vir "floppy disk" is nie. So stap ek toe na die klein kantoortjie met die twee rekenaars om die toets wat op my floppy disk is, te gaan uitdruk en fotostateer. Aan die ander kant van die gerypte vierkantjie sien ek vir Gerrie en Lodewyk staan, twee senior onderwysers. Ek kies toe maar kortpad oor die gerypte vierkant om hulle te vermy (nog maar skaam, ek), maar ek het nooit rekening gehou met die wisselwerking tussen die gladde sement en die gladde gerypte vierkantjie nie.

Ek slaan met mening voor Lodewyk en Gerrie neer. Albei probeer om my galant op te help, maar ons al drie lag so dat ek maar bly sit totdat ek nie meer so papgelag is nie.

'n Paar minute daarna vra een van die graad 9 stoute seuns vir my of die sement baie hard was. Ek sien die lagduiwels in sy oë. Ek onthou dat hulle klas uitkyk op die gerypte vierkantjie. En hy sou nie die enigste een gewees het wat my gesien val het nie, dink ek by myself.

Ek kom pouse in die personeelkamer. Ronald staan plegtig op en steek vir hom 'n sigaret aan. Ja, in daardie dae kon 'n roker enige plek 'n dampie maak. Ronald maak keelskoon.

"Het julle ook netnou die aardbewing gevoel?"

Die res van die personeel skud hulle koppe.

"Ja, daar was so 'n ligte trilling in my klas. Ek het gesien hoe die ligte rondswaai."

Ronald vang my oog, en ons altwee begin lag.

Dan was daar Mariaan. Die sout van die aarde. Ek moes op 'n stadium kyk of haar vraestelle reg is: sy het altyd gestry oor die woord "alledaagse". Sy het knaend allerdaagse (met 'n "r") gebruik. Hoe weet ek dan nie dat dit eintlik nog altyd met 'n "r" gespel word nie?

Mariaan het die kleuterskool gehelp met hulle konsert. Hulle het elke liewe toneeltjie en liedjie tot naarwordens toe geleer. En so gebeur dit dat dit konsertaand is.

Mariaan skuif agter die klavier in en begin aan ander dinge dink. Die wynrooi gordyne skuif geluidloos oop. Die ouers klap dawerend hande. Elke klein kleutertjie kry die geleentheid om vir mamma en pappa te waai, en hier en daar flits 'n kamera.

Ons wag. En ons wag. En ons wag dat Mariaan die inleiding van die eerste liedjie speel. Maar Mariaan is in haar eie wêreld. Een van die kleuters kon dit nie meer hou nie. Hy spring op, amper uit sy wilgerboomgewaad, spesiaal gemaak vir die konsert.

"Toe! Speel nou!"

Mariaan skrik haar byna boeglam en trek los met die inleiding. Van die verkeerde lied.

Mariaan het die mooiste truie gebrei. Sy het elke pouse haar sakkie breiwerk personeelkamer toe gebring. Klik klak klik klak terwyl ons tee drink en toebroodjies uitruil.

Ons dorpie was maar skraps met die winkels, en die meeste inwoners het na die groter buurdorp gegaan vir inkopies. Soms is daar iets wat jy dringend nodig het, en dan moet jy maar twee keer per week soontoe gaan. Of nie.

Ons skoolhoof (kom ons noem hom net "Meneer") kom haastig in die personeelkamer ingeloop.

"Dames en here," begin hy. Klik klak klik klak, klink Mariaan se breinaalde.

"Ek is nou regtig keelvol hiervoor."

Nee, hy het nie word woord "keelvol" gebruik nie, maar hierdie is 'n familiekoerant.

Klik klak klik klak.

"Ek is niemand se stuurjonge nie!" skree hy uitasem en sy gesig word rooier.

Klik klak klik klak.

"Ek gaan wragtag nie weer vir julle goeters in die dorp koop nie. Hou nou vir eens en vir altyd op om inkopielysies in my hand te stop."

Klik klak klik klak.

"Ry self dorp toe en gaan koop jou eie simpel goed."

Weereens: hy het nie "simpel" gesê nie, maar hierdie is 'n familiekoerant.

Klik klak klik klak.

"Het julle my?"

Hy kyk in afwagting na ons.

Klik klak klik klak.

Mariaan kyk gesteurd op.

"Meneer, ek onthou nou dat ek 'n paar goetjies by die supermark nodig het. Sal jy dit sommer saambring wanneer jy vanmiddag dorp toe gaan? Ek het nie tyd nie."

Klik klak klik klak.

Ena Murray skryf van 'n swanger stilte. Daar hang 'n swanger stilte oor die personeelkamer.

Klik klak klik klak.

Meneer vat 'n groot mond vol asem en ons wag vir die groot uittrap.

Die eerste kollega begin saggies onderlangs giggel. Gevolg deur nog een.

Klik klak klik klak.

En nog een. En nog een.

Meneer draai net daar om en steek met 'n stywe pas die vierkantjie oor, stap in sy kantoor in en klap die deur toe.

Die gelag in die personeelkamer bedaar. En ons hoor dit weer.

Klik klak klik klak. Mariaan brei steeds, en sy het nie 'n idee wat nou net gebeur het nie.

# WIE WAS DIMITRI STAFENDAS



*• Quarta Pretorius*

Verlede Vrydag het RSG 'n onderhoud gehad met Max du Preez oor die spesiale verering wat Mosambiek gaan toeken aan Stafendas die moordenaar van dr Verwoerd. Ek kan na meer as 50 jaar nog steeds nie verstaan hoe hierdie geharde krimineel 'n pos in die Suid Afrikaanse Parlement gekry het nie. Is hy dalk geplant??

In kort die CV van Dimitri Stafendas: Hy is buite die eg gebore. Hy was die seun van 'n Griekse skeepsleweransier van Kreta en dié se diensmeisie wat 'n witvader en Swazi moeder gehad het. Hy het 7 jaar van sy lewe by sy Griekse ouma in Alexandrië, Egipte gewoon. Hy is later na sy ouers in Mosambiek gestuur om by hulle in die huidige Maputo te woon. Hy het 'n Portugese en Griekse paspoort gehad,

Van 1936 af het hy die volgende lande onwettig binnegegaan: Kanada, VSA, Engeland, Duitsland, Portugal, Egipte, Jordanië, Sirië en Turkye. In elkeen is hy in hegtenis geneem, tronkstraf opgelê en na vrylating probeer vlug. Hy het betrokke geraak by kommunisme en anti-apartheidsbewegings. Uit elke land is hy gedeporteer.

Sy vader sterf op 14 Februarie 1962 in Johannesburg. Die SA regering weier om hom 'n visum toe te staan. Hy kry egter amnestie om na Mosambiek te gaan. In 1963 kry hy onder uiters verdagte omstandighede 'n tydelike verblyfpermit en kom Suid Afrika per motor binne.

Julie 1966 kry hierdie groot misdadiger 'n pos as tydelike bode in die Parlement. Hy werk in die Pers Galery en sy pligte is om tee en koffie te bedien aan die parlementslede, en om dokumente tussen verskillende kantore te dra.

Op 6 September 1966 om 14:10 steek Dimitri Stafendas Suid Afrika se argitek van Apartheid, Dr Hendrik Frensch Verwoerd tydens 'n parlementêre sitting met 'n dolk dood.

Stafendas is as geestelik versteurd verklaar en dat hy sielkundige behandeling moet kry, Hy is egter nooit na 'n sielkundige inrigting gestuur nie en bring 33 jaar van sy lewe as gevangene in die Zonderwater Gevangenis naby Cullinan deur, waar hy in Oktober 1999 op 83 jarige ouderdom sterf as 'n eensame man sonder familie.

Weereens vra ek... Hoe kon so 'n geharde misdadiger in die Suid Afrikaanse parlement aangestel geword het, en nou word hy in Mosambiek vereer.

# DIE ONWETTIGE JAG MET HONDE BESIG OM HAND UIT TE RUK

"Dit skep vir vee en wildboere 'n geweldige probleem, aangesien geen boer kan toelaat dat sy diere op hierdie wrede manier uitgewis word nie," sê TLU SA Vrystaat-voorsitter Bertus van der Westhuizen.

"Honde is wrede jagters, en ruk hompe vleis uit lewendige prooi, totdat die stomme dier deur pyn so verswak is, dat hy nie meer kan vlug nie. Wanneer die jagter of jagters dan op die toneel verskyn, word hierdie stomme dier dikwels met byle afgemaai. Geen boer beskou hierdie manier van jag as 'n sport of vermaak nie, en sal verseker tot beheersde geweld oorgaan om sy diere teen hierdie praktyk te beskerm."

Bedreigde spesies, soos byvoorbeeld steenbokkies, loop die gevaar om op hierdie manier uitgewis te word.

Volgens Van der Westhuizen is dit noodsaaklik vir die polisie om hierdie misdaad in 'n meer ernstige lig te beskou, en meer te doen om hierdie praktyk te stop.

"Daar lê groot konflik potensiaal in hierdie misdryf opgesluit. Nie net konflik tussen gemeenskappe nie, maar ook tussen boere en die polisie self."

Van der Westhuizen sê TLU SA se Vrystaat-tak neem sterk standpunt in teen dié wrede praktyk van jag, en doen 'n ernstige beroep op die polisie en die regbank, om boere by te staan in hul stryd teen hierdie misdaad eerder as om van hul misdadigers te probeer maak. Boere wil inderwaarheid die polisie se hand vat in die stryd teen onwettige jag.

"TLU SA Vrystaat doen 'n beroep nie net sy op lede nie, maar op boere van regoor die land om nie hierdie tipe misdryf op hul grond toe te laat nie en om dit met alle middele tot sy beskikking binne die wet te beveg. Indien dit nie vinnig aangespreek word nie, sal die praktyk 'n verwoestende effek op ons natuurlewe en toerisme bedryf hê." Hy stel voor boere hou deeglik rekord van die tyd, polisiebeampte se naam en hoe lank jy wag vir opvolg en bystand as die saak aangemeld word.

# KENNISGEWINGS

**AUCTION**
***Case No. 4473/2018***
***Refer: AAB322/C Gerdener/Elene***
**NOTICE OF SALE IN EXECUTION**
In the High Court of South Africa Free State Division, Bloemfontein
**Case Number: 4473/2018**
**In the matter between:**
**BUSINESS PARTNERS LIMITED**
**Registration No. 1981/000918/06**
*Plaintiff*
and
**ANDRIES JOZEPHUS SCHEEPERS N.O.**
**(VERKYK LANDGOED TRUST IT725/2011)**
*First Defendant*
**HENDRIKA JACOMINA SCHEEPERS N.O.**
**(VERKYK LANDGOED TRUST IT725/2011)**
*Second Defendant*
**HENDRIKA JACOMINA SCHEEPERS**
**(ID 630618 0054 07 7)**
*Third Defendant*
**AMELIA SCHEEPERS N.O.**
**(DRINUS TRUST IT1359/2000)**
*Fourth Defendant*
**WILLEM MARTHINUS SCHEEPERS N.O.**
**(DRINUS TRUST IT1359/2000)**
*Fifth Defendant*

In pursuance of a Judgment of the above Honourable Court dated **31 October 2018** and a Writ for Execution, the following property will be sold in execution on **FRIDAY, 5 NOVEMBER 2021 at 11:00 at Sheriff's office, 22 De Wet Street, Reitz.**
**Certain:** Farm Sieraad 717, District Reitz, Free State Province;
**Held by virtue of:** Deed of Transfer T14386/2003;
**Extent:** 51,2078 Hectares;
**Consisting of:** Vacant Land.
**THE SALE SHALL BE SUBJECT TO THE CONDITIONS CONTAINED IN DEED OF TRANSFER.**
The Purchaser shall pay VAT and a deposit of 10% of the purchase price in cash on the day of the sale, the balance against transfer, to be secured by a bank or building society guarantee, to be approved by the Plaintiff's attorney, to be furnished to the said Sheriff within fourteen (14) days after the date of the Sale.
The conditions of sale will lie open for inspection during business hours at the Offices of the Sheriff for the High Court, 22 De Wet Street, Reitz (Refer Mr. Minnie).
**TAKE FURTHER NOTICE THAT:**
This is a sale in execution pursuant to a judgment obtained in the above Court. The Rules of this auction is available 24 hours foregoing the sale at the office of the **Sheriff for the High Court, 22 De Wet Street, Reitz, telephone number 083 654 7512.**
**Registration as a buyer, subject to certain conditions, is required i.e:**
1. Directions of the CONSUMER PROTECTION ACT 68 of 2008 (obtainable at URLhttp://www.info.gov.za/view/DownloadFileAction?id=99961).
2. Fica-legislation in respect of identity & address particulars.
3. Payment of registration monies.
4. Registration conditions.
The office of the **Sheriff for the High Court, 22 De Wet Street, Reitz** will conduct the sale.
Advertising costs at current publication tariffs and sale costs according to Court Rules will apply.
Signed at Bloemfontein on 10 September 2021.
**(SGD. MCV GERDENER)**
**ATTORNEY FOR PLAINTIFF**
**MCV GERDENER**
**McINTYRE VAN DER POST**
**12 BARNES STREET**
**WESTDENE**
**BLOEMFONTEIN**
**(REF: AAB322/Elene)**
**SHERIFF OF THE HIGH COURT**
**22 DE WET STREET, REITZ**
**FREE STATE PROVINCE**
**TEL: 083 654 7512**

**VERLORE OF VERNIETIGDE TITELBEWYS**
Hiermee word kennis gegee dat kragtens die bepalings van Regulasie 68 van die Registrasie van Aktes Wet, 1937, dit die voorneme is om aansoek te doen om die uitreiking van 'n gesertifiseerde afskrif van **T15377/1999** gepasseer deur **ALIDA ELIZABETH VAN DER WATT, Identiteitsnommer 180913 0052 007,** getroud buite gemeenskap van goed ten gunste van **BERNHARDT ANTONN SWART, Identiteitsnommer 600502 5064 083,** getroud buite gemeenskap van goed ten aansien van sekere **Erf 1221 Reitz (Uitbreiding 20) distrik Reitz, Provinsie Vrystaat** wat verlore geraak het of vernietig is.
Alle belanghebbendes wat teen die uitreiking van sodanige afskrif beswaar het, word hierby versoek om dit skriftelik in te dien by die Registrateur van Aktes te Bloemfontein binne twee weke vanaf datum van publikasie van hierdie kennisgewing.
Gedateer te Reitz op hede die 20ste dag van Oktober 2021.
**BLIGNAUT & WESSELS PROKUREURS**
**29 SAREL CILLIERSSTRAAT**
**REITZ, 9810**
**bligwes06@gmail.com**
**TEL: 058 8632884/5**

**POSTNET HEILBRON**
**Besigheidsure:**
**Maandae - Vrydae:** 08:00 -16:30
**Saterdae:** 09:00 -12:00
***Elsstraat 42 • HEILBRON | Tel: 058 853 0006***

# SUDUKU

| | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | 7 | | | 1 | 6 | | | 5 |
| | 6 | | 7 | | 5 | 1 | | |
| | 5 | | | | | | | 8 |
| | 4 | 5 | | | 2 | 8 | 3 | |
| | | | | | | | | |
| | 1 | 3 | 6 | | | 5 | 4 | |
| 6 | | | | | | | 8 | |
| | | 2 | 3 | | 4 | | 6 | |
| 4 | | | 9 | 6 | | | 5 | |

| | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | 1 | | | 5 | | 2 |
| | | | | 9 | | | | |
| | 9 | 8 | 5 | | | | 7 | |
| | | | | 6 | 1 | | | |
| | | 5 | | | | | 4 | |
| 9 | 2 | | | 5 | | | 3 | |
| | | | 7 | | 4 | | | 8 |
| | | | | | | 7 | | 9 |
| 3 | 5 | | | | | | | 6 |

SUDUKU - Each grid is made up of nine columns by nine rows. This grid is then divided into groups of nine boxes giving a total of nine blocks. Each of these nine blocks must have the numbers 1 to 9 placed in them, but here is the catch - no row and no column can have any number repeated so your job is to place the numbers in the boxes without repetition in the rows and columns.


KERSUITGAWE
17 DESEMBER

**JAARBEPLANNER**
**OKTOBER 2021**
29 Okt. - AP Kerk (Verkopings)
**NOVEMBER 2021**
26 & 27 Nov. - NG Kerk Suid - (Gholfdag & Kersmark)

***Winkelure***
**MAANDAE - DONDERDAE**
07:30 -17:00
**VRYDAE:** 07:30 - 16:30
**SATERDAE:** 08:30 - 13:00
***Elsstraat 44, Heilbron***
***Tel: 058 852 3033***




# DIENSTE

**Andries Muller**
**072 447 7446**
**Vrystraat 23, Heilbron**
**Ou Heilbron Betonwerke se gebou**
Muller DRAAIWERKE
**MILLING • KEYWAYS**
**ALGEMENE DRAAIWERK**
**MEGANIESE HERSTELWERK**

**BAAL VAN SOJA-/MIELIERESTE**
Petrus Steyn, Heilbron en Lindley.
**Kontak Jaco Meiring 082 851 6158 of Piet Meiring 082 571 4191**
**peerlandhandel@gmail.com**
R

**BAAL / SNY & BAAL ...**
Vir sny-, hark- en baalwerk.
**Kontak Evert Kleynhans**
**072 018 3685 Heilbron**
R

# TE HUUR

*HEILBRON ROLBAL-KLUBHUIS*
Geskik vir ongeveer 70 mense. Ingesluit volledige eetgerei, stoof en 2 oonde, gelisensieerde kroeg beskikbaar.
***Hannalie Claassen 079 040 0531***

Indien u enige nuus vir die Heilbron Herald het kontak *Silma Petzer.*
Tel: 058 852 3033.

Die **Heilbron Herald se fabriek** sluit die **16de Desember 2021** en heropen **DV 10 Januarie 2022.**

**Plaas asb. vroegtydig u bestelling vir drukwerk om teleurstelling te voorkom.**

Die Heilbron Herald se winkel sluit die 22ste Desember en heropen DV 5 Januarie 2022.

**Elsstraat 44 Heilbron**
**Tel: 058 852 3033**

**BLOEDSKENK DATUMS**

**23 November**
DONATE BLOOD

# SMALLS

# EIENDOMME

**VAN DER MERWE & VENNOTE EIENDOMME**
Vir die beste transaksies en diens
Elsstr. 47 HEILBRON
Tel: 058 852 2041
Petro Meintjes 083 308 9159

**HEILBRON • EDENVILLE • FRANKFORT**

**Hugo Groenewald**
**082 569 7205**
Kontak hom gerus vir enige Lewendehawe bemarking, Uit-die-hand-transaksies of veiling navrae!

# GEKLASSIFISEERD

**Die Heilbron Herald word uitgegee en gedruk deur die eienaars Heilbron Herald (Edms) Bpk,**
**Elsstraat 44, Posbus 166, Heilbron**
**Tel: (058) 852 3033/4/5**
**Faks: (058) 853 0140**
**www.heilbronherald.co.za**
**E-POS ADRESSE**
• **Abrie Watson** abrie@heilbron.co.za
• **John Watson** john@heilbron.co.za
• **Winkel** heraldwinkel@heilbron.co.za
• **Marilize** herald@heilbron.co.za - (Kommersiële drukwerk & koerantbydraes)
• **Carien** heraldgraphics1@heilbron.co.za - (Kommersiële drukwerk & koerantbydraes)
• **Delareyz** finance@heilbron.co.za - (Rekenings, state ens.)
• **Christelle** heraldoffice@heilbron.co.za - (Bestellings ens.)
• **Jeanne** heraldgraphics2@heilbron.co.za - (Wyeformaat drukwerk, plakkers ens.)
• **Elsabé** heraldgraphics2@heilbron.co.za - (Wyeformaat drukwerk, plakkers ens.)
• **Silma** heraldnuus@heilbron.co.za - (Koerant, advertensies)
• **Silma** marketing@heilbron.co.za - (Korporatiewe klere, oorpakke ens.)

**Koerant sirkuleer in Heilbron, Petrus Steyn, Frankfort , Reitz en asook digitaal versprei op Heilbron se Facebook-blad en webwerf.**

***Menings en opinies wat uitgespreek word in briewe en rubrieke, is dié van die individue en weerspieël nie noodwendig die siening van die redaksie nie.***

**BIBLIOTEEK OOP**
***Piercestraat 66 • Heilbron***


**Heilbron Biblioteek is VYF DAE per week oop vir die publiek en die tye is as volg:**
**Maandae tot Vrydae** - 09:00 - 13:00 (Volwassenes) en 14:00 - 17:00 (Kinders)

***Biblioteek is gesluit op Saterdae, Sondae & openbare vakansiedae.***

Corporate & Commercial
Engagement & Wedding
Kiddies parties
Matric Farewell
Individual & Family
Maternity & Newborn
MARILIZE LOOTS
PHOTOGRAPHY
072 180 4113
marilize@mcreative studio.co.za

# DR DIRK HERMANN KUIER IN HEILBRON

Die Matriekkommittee-seuns van Hoërskool Heilbron het hulle jaarlikse Dasaand vir pa's en seuns aangebied op 14 Oktober 2021. Die gasspreker hierdie jaar was oud-Heilbronner, Dirk Hermann, wat gesels het oor waardes wat soos 'n aflosstokkie aangegee word na die volgende generasie, pa na seun. Dirk Hermann is tans bestuurshoof van die vakbond Solidariteit en het sy doktorsgraad in bedryfsosiologie, met regstellende aksie as tema, voltooi. Na afloop van die gebeure het almal 'n steakete saam geniet.



*Op die foto vl: Geo Hausleitner, Hanro Volschenk, Waldo Steyn, Koos Scheepers, Dian Bosman.*




# LENTETEE SAAM CINDY

Hoërskool Heilbron se matriekkomiteedogters, ma's en juffrouens het weer hulle jaarlikse spoggeleentheid aangebied. Saterdag, 16 Oktober 2021, was die Lentetee saam met Cindy Swanepoel, beter bekend as Annelize Roux van Binnelanders, wat gesels het oor dankbaarheid. Na afloop van die geleentheid het die dames lekker saamgekuier en na ete het die hoogtepunt aangebreek waar die matriekmeisies met hulle matriekafskeidrokke kon spog. Nog 'n suksesvolle Bronnie-damesoggend!



*Op die foto: Liza-Mari de Witt, Cindy Swanepoel en Marina van Zyl.*









# BRIEWE VAN ONS LESERS

*Die volgende skrywe is ontvang van D Grobler van Heilbron gerig aan die Redakteur:*

***In Sake: HH, bl2, 8 Oktober 2021 "Stem vir die traffic party"***

Dankie vir die weekstukkie.

JesaYAH 65:20 Daarvandaan sal nie meer kom 'n suigeling van 'n paar dae of 'n grysaard wat sy dae nie vol uitlewe nie; want 'n seun sal sterwe honderd jaar oud ...

Nou Ant Hans was so 105 jaar oud daar in Citrusdal. Dan skakel my moeder haar en verneem wat sy vandag gaan doen. Dan sê sy dat sy ouetehuis toe gaan om met die kinders te gaan speel. Sy het nog haar eie huis bewoon en die tuin bewerk (gebied dat hy bewerk word). Dan gaan sy en gaan speel met die "seventy something" jarige kinders.

Nou kleinboet Dolfie sê as die jong seun Tommie so aangaan op die internasionale media, dan gaan hy hom nie weer iets sê nie.

Alles om die skrifte te vervul...

Tot wederlees
Groete

Openbaring 22:21 Die Genade van Pele Joez, EL Gibbor, Abi Ad, Sar Shalom, ImmanuEL (wat as dit vertaal word beteken, ELoheem met ons) Messias (ook bekend as Jesus Christus) sy met julle almal! Amen. NS: GOTT mit uns!

Oor die wolf en die lam: dis die profesie van die elektriese heining. Hier anderkant by JC lyk dit of die leeu en die skapies langs mekaar lê, en hulle doen, want daar is redelike hoë potensiaal verskil wat seker maak dat die leeu/wolf nie lus kry om die lam te bespring nie. Baie katpille bevat nie eintlik vleis nie. Mengsel van soya en vele ander bestandele. Baie van die leeus in aanhouding eet deesdae groot-kat pille. Die stof wat voedsel is - hydrophonics nutriplex. Lyk die "USN Hardcore All-in-one Whey multi-level protein complex" nie ook soos stof nie.

# HEILBRON KLINIEK GESONDHEISKOMITEE 2021



*Op die foto vl: Elias Pentrie, Ishmael Mohlamme, Riekie Els, Petrus Lekota, Lenie Roodt.*

***• Heilbron Gesondheidskommitee***

Die gesondheidskomitee bepaal deur middel van maandelikse vergaderings en gesprekke met personeellede en pasiënte, pasiënte se behoeftes. Projekte word kwartaalliks beplan. Tydens projekte word inligting deurgegee en ook observasies van die pasiënt geneem. Die pasiënte word verder bederf met drink-en-eetgoed en verkeer dan gesellig saam. Die kliniek beskik oor 'n klagte en voorstelle houer wat gesluit is. Slegs een komiteelid is in beheer van die houer.

**Projekte reeds geloods vir 2021:**

Donasies is ingesamel vir projekte. Bankies is voorsien vir pasiënte wat buite staan en wag. Kliniek se mikrogolf is herstel, en 'n nuwe besem is vir die kliniek aangekoop. Groente- en blomtuin is beplan, grond is voorberei, plante is geplant wat 3 x 'n week nat gegooi word. Heerlike warm sop en vetkoekprojek gedurende die winter vir die pasiënte is aangebied. Met Nelson Mandela Dag was 'n pannekoek bakdag vir die kliniek by die Jeugsorgsentrum. Belangrike kennisgewingborde is verkry vir die kliniek. Komitee was deel van die kliniek se "Evacuationdrill". 'n Sagte speelgoed projek word beplan vir Novembermaand en in Desember word die jaar op 'n gesellige wyse afgesluit met 'n heerlike ete en samesyn.

Hiermee wil die Gesondheidskomitee die vrymoedigheid neem om te vra vir bydraes van sagte speelgoed vir die Sagte Speelgoed Projek op 17 November 2021. Speelgoed kan tot en met 10 November 2021 by Heilbron Kliniek afgegee word. Baie dankie vir enige bydrae.

Winkelure
Elsstraat 44 • Heilbron
Tel: 058 852 3033
MAANDAE - DONDERDAE: 07:30 -17:00
VRYDAE: 07:30 - 16:30
SATERDAE: 08:30 - 13:00
Herald Office National







Indien u enige nuus vir die Heilbron Herald het kontak Silma Petzer kantoorure by Tel: 058 852 3033.



# HERALD Sport

# ROLBAL WEER AAN DIE BRAND



*Op die foto vl: JC Pretorius, Ronel du Plooy, Hannalie Claassen en Dolly Pretorius.*

So het die rolbalklub se besigheidsliga begin, aanvanklik was dit moeilik om almal op die baan te kry, want daar is eers gesels en gelag asof mense mekaar jare laas gesien het, amper soos vanmelewe se nagmaal bywonings waar boere van heinde en verre gekom het en 3 maande se nuus ingehaal moes word.

Dan is daar ook so 'n hoekie in die klubhuis, “Die Vriendekring”, so gedoop deur Tom Watson en wyle Spiro Galatis. Daar word jarelange vriendskappe afgestof al het ons mekaar gister in die Ko-operasie raakgeloop. By hierdie hoekie is die gesels baie lekkerder.

Maar voor hierdie groot aand het Heilbron spelers eers weer hul merk gaan maak in Bethlehem tydens Bethlehem Rolbalklub se eeufeesvieringe, alhoewel JC en Dolly Pretorius slegs 'n paar maande rolbal speel, het hulle hulself sommer vinnig gaan “voorstel” toe hulle twee Noord Vrystaat spelers op hul neuse laat kyk het.

Hannalie Claassen en Ronel du Plooy het ook so op hulle pad 'n paar groot “bome” laat val en het 'n uitstekende sesde plek behaal uit 'n totaal van 38 spanne, 'n uitstekende prestasies deur Heilbron rolbalspelers. Die afgelope Saterdag het 3 spanne van Heilbron aan die gemengde pare kompetisie by Kroonstad gaan deelneem maar daar het dit ongelukkig nie so goed gegaan nie en aldrie spanne moes kous oor die kop huis toe kom, miskien maar die nadraai van die harde werk met die aanbied van die besigheidsliga Woensdagaand… verskonings, verskonings, maar soos die spreekwoord sê “Aanhouer wen”.




# HEILBRON KRIEKETKLUB - T20 LIGA BEGIN

Heilbron begin T20 ligareeks met 'n wen teen Sharpeville.

Heilbron wen die loot en besluit om eerste te kolf. 180 lopies word aangeteken. 'n Uitstekende 109 deur Rudi Bruwer en 43 deur Renier Schoeman plaas Heilbron in 'n goeie posisie.

Sharpeville teken slegs 149 lopies aan in hulle 20 boulbeurte. Heilbron wen met 31 lopies.

Die volgende 6 wedstryde word Saterdae om 14:00 by Hoërskool Heilbron gespeel.

Kolf: Irfan Arshad 7, Rudi Bruwer 109, Geo Davel 2, Renier Schoeman 43*.

Boulers: Theuns Botha 2/19, Rudi Bruwer 2/19, Pieter Baan 1/21.

Rudi Bruwer is Heilbron se man van die wedstryd met 109 lopies met die kolf, 2 paaltjies met die bal, vangskoot en 1 stonk.




BKB Louwid

Die komende week se BELANGRIKSTE veilings

MAANDAG - 25 OKTOBER 2021

ARLINGTON Maandelikse veiling
Kontak Willem Kruger 082 376 1539

DINSDAG - 26 OKTOBER 2021

KLERKSDORP Weeklikse veiling
Kontak Diaan Niewenhuis 083 636 2314

VEREENIGING Weeklikse veiling
Kontak Freek Pieterse 079 560 7088

VERKYKERSKOP Maandelikse veiling
Kontak John Campher 072 202 0160

WOENSDAG - 27 OKTOBER 2021

REITZ Twee-weeklikse veiling
Kontak Francois Duminy 082 528 1899

MEMEL Maandelikse veiling
Kontak Paul de Bruyn 079 882 1138

BULTFONTEIN Vetvee veiling
Kontak Louwtjie Bezuidenhout 082 827 7443

DONDERDAG - 28 OKTOBER 2021

FRANKFORT Weeklikse veiling
Kontak Wentzel Vorster 082 566 1369

KROONSTAD Weeklikse veiling
Kontak Schalk Jonker 073 007 0022

FICKSBURG Maandelikse veiling
Kontak Gerrie Britz 082 828 2855

DUNDEE Twee-weeklikse veiling
Kontak Pieter van Zyl 082 459 0668

VRYDAG - 29 OKTOBER 2021

BETHLEHEM Weeklikse veiling
Kontak Michiel Odendaal 082 560 6174

STANDERTON Weeklikse veiling
Kontak Marnus Becker 082 873 2002

POTCHEFSTROOM Weeklikse veiling
Kontak Riaan Herbst 076 154 5049

BKB LOUWID

www.bkb.co.za
BKB Louwid 2005/026173/07
Posbus 220, Frankfort, 9830
Tel: (058) 813 1071 Faks: (058) 813 2317
e-pos: frankfort@bkblouwid.co.za

